# DIE VERHAAL VAN DIE DRIEPOOT POT



Vierkleur vlag op pot geskilder



Gevang na . D.Z W.A. 22.12.1914



Los gelaat Naas? de Unie 6.7.1915



Britse vlag op pot geskilder.

Op 1 April 2024 het Wynand Arnoldus Vermeulen D6663 gebore 23 Julie 1976 hierdie merkwaardige verhaal van bogenoemde driepoot pot met die Bond gedeel. Wynand is die vyfde geslag met die familienaam Wynand Arnoldus wat nou in besit van die pot is en die oorspronklike eienaar was sy oupagrootjie Wynand Arnoldus Vermeulen D1672 gebore 24 September 1883 en oorlede op 26 Januarie 1952. Hy het die potjie waarskynlik by ’n mede-gevangene vir seep geruil.

Ons is bewus daarvan dat daar baie Boere krygsgevangenes in verskillende kampe en plekke aangehou was. Die Boere-oorlog was van 1899 tot 1902. Dit is dus duidelik dat Wynand nie ’n krygsgevangene van die Boere-oorlog was nie as die datums op die pot in aanmerking geneem word. Die waarskynlike moontlikheid is dan dat hy in die 1914 tot 1915 rebellie geveg en dus as rebel gevangene sy vonnis uitgedien het.